Huge Group toon grootste groei onder die kleintjies

Van 'n klein begin tot 'n groot sukses.

Die Huge Group het in Augustus 2007 op die Alt^{X} genoteer en het sedertdien sy naam gestand gedoen.

In net meer as 'n jaar het die maatskappy se aandeelprys met 25,48% geklim. Dit is die beste aandeelprys-groei van enige aandeel op die Alt^{X} die afgelope jaar en die tweede beste vertoning op die Alt^{X} én die JSE se hoofbord (die grootste aandeelprys-groei was die Raubex-groep op die hoofbord). Dit is veral merkwaardig in die huidige moeilike markomstandighede.

Boonop het die Huge Group se tussentydse resultate 'n 10%-groei in toeskryfbare verdienste getoon.

Die Huge Group se markaandeel het ook met 2,5% gegroei.

Mnr. James Herbst, die finansiële hoof van die Huge Group, sê die wêreldwye kredietkrisis is ook 'n geleentheid om te groei deur verkrygings.

"Voor die kredietkrisis moes kleiner maatskappye, soos die Huge Group, tweede staan wanneer dit kom by die verkryging van geld (deur lenings) vir oornames." Maar nou, ná die sub-prima-krisis, is daar minder likiditeit in die mark, wat beteken daar is meer geleenthede vir maatskappye met gesonde finansiële state eerder as maatskappye wat slegs op lenings staat gemaak het.

Die Huge Group se grootste bate is Huge Telecom en die maatskappy glo daar is baie geleenthede in Suid-Afrika se telekommunikasiesektor.

Die wêreldwye kredietkrisis gaan waarskynlik 'n paar slagoffers eis, wat moontlik kan lei tot 'n hele paar winskopies.

Boonop lyk dit asof die telekommunikasie-sektor in Suid-Afrika 'n bietjie meer vryheid kry, met onder meer die Altech-hofuitspraak (dat telekommunikasie-maatskappye hul eie infrastruktuur kan bou) en Telkom se besluit om sy belang in Vodacom te verkoop.

Sulke dinge sal tot groter prysmededinging lei, wat tot voordeel van die groep sal wees.